# Vertraag deur Trots

**Eduan Els 01/07/ 2018**

**1. VERTRAAGDE VERSNELLING AS GEVOLG VAN TROTS**

**JAKOBUS 4:6 'God is egter besig om ons steeds meer genade te gee om aan Hom getrou te wees. Daarom sê die Skrif: "God weerstaan hoogmoedige mense, maar aan nederige mense gee Hy genade."'**

**1.1.** Trots ontkoppel ons van God.
**1.2.** Wanneer ons trots is, is ons geneig om in die pad te kom van wat God wil doen.
**1.3.** Dit is moeilik om trots in ons eie lewens raak te sien.

**2. GESIGTE VAN TROTS**

**2.1.** Beheer
**2.2.** Oordeel
**2.3.** Arrogansie
**2.4.** Voel geregtig op dit wat ons wil hê
**2.5.** Sterk opinies
**2.6.** Minderwaardigheid -valse nederigheid
**2.7.** Self-gesentreerd
**2.8.** Jaloesie

**3. DISKONNEKSIE VAN GOD VEROORSAAK:**

**3.1.** Dat ons beheer wil oorneem.

**SPREUKE 19:21 ''n Mens kan hoeveel planne maak, maar op die ou einde gebeur wat die Here besluit het. '**

**3.2.** Dat ons godsdienstig raak.

**SPREUKE 21:2 'In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here toets die gesindheid. '**

**3.3.** Dat ons onverhaalbaar en vol opinies raak.

**1 PETRUS 5:5 'En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." '**

**3.4.** Dat ons desperaat raak vir aandag.

## 4. HOE HERKONEKTEER ONS WEER MET GOD?

**4.1.** Ons moet ons trots erken en bekeer.

**Efesiërs 4:23-24 'Julle moet ’n nuwe gesindheid kry en op ’n nuwe manier oor dinge dink. Hierdie nuwe lewenstyl moet julle deel van julle lewe maak soos ’n mens nuwe klere aantrek. Ons nuwe lewe moet ons al meer soos God laat lyk: ons moet reg lewe soos God dit wil hê en ons heeltemal aan Hom toewy. '**

**4.2.** Ons moet in die teenoorgestelde Gees reageer, Nederigheid is die teenoorgestelde van Trots.

**Filippense 2:5-7 'Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg. Soos Hy oor dinge gedink en gevoel het, so moet julle ook daaroor dink en voel. Laat ek verduidelik wat ek bedoel. Jesus staan in status op gelyke voet met God. Hy was egter nie so vol van Homself dat Hy tot elke prys aan dié status wou vasklou nie. Toe die tyd ryp was, het Hy die status en eer wat Hy gehad het eenkant toe geskuif. Hy het ’n mens tussen mense geword. Asof dit nie genoeg was nie, het Hy sommer ’n gewone mens geword wat op die oog af nie uitsonderlik gelyk het nie, ja, iemand van wie baie ander mense niks gedink het nie. '**

**4.3.** Ons moet nederigheid aanjaag.

**Spreuke 22:4 'Wanneer iemand nederig is en hy respekteer en dien die Here, dan word hy ryk, en mense respekteer hóm, en hy lewe lank. '**

## Gesprek Gits
## VERTRAAG DEUR TROTS

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Watter van “trots se gesigte” maak soms ‘n verskyning in jou lewe?
2. Wil jy self beheer oor jou lewe hê of is dit vir jou maklik om beheer oor te gee aan God?
3. Voel jy soms gediskonnekteer van God? Kan jy insien hoe trots dit kon veroorsaak het?